forward together · saam vorentoe · masiye phambili

4 Augustus 2020

## Verdere aansoeke om na die kampus terug te keer en toegang tot kampusfasiliteite en -dienste te kry

Beste studente

Ons bevind ons aan die begin van die tweede semester van 2020 ná ’n ietwat onstuimige eerste semester wat ’n groot leerkurwe vir ons almal by die Universiteit Stellenbosch (US) was. ’n Paar duisend studente het na die kampus teruggekeer, soos toegelaat onder vlak 3 van die risiko-regulasies, en is besig om hulself in te burger. Hierdie studente is vir akademiese doeleindes genooi om na kampusse terug te keer of het versoek om na hul koshuise terug te keer wees moeilike studie-omgewings tuis.

Die Universiteit het reeds die lys modules bekend gemaak wat gedurende die tweede semester slegs aanlyn aangebied gaan word. Dit het studente in staat gestel om hul verblyf op Stellenbosch te kanselleer indien hulle wou.

**Nog ’n ronde aansoeke vir terugkeer**

Dit het onder ons aandag gekom dat daar steeds studente is wat hindernisse met tuisstudie ondervind. Daarom loods ons nog ’n ronde aansoeke om na die kampus terug te keer.

Studente vir wie dit absoluut noodsaaklik om terug te keer, moet hul aansoek motiveer deur **hierdie** vorm aanlyn te voltooi. Aansoeke sluit **10 Augustus 2020 om 23:59.** Studente moet asb verseker dat hul aansoeke voor die spertyd ingedien word. Die volgende inligting moet by elke aansoek ingesluit word: ’n verduideliking van die hindernisse om tuis te studeer; of jy na ’n universiteitskoshuis of private verblyf terugkeer; en tot watter kampusgeriewe jy toegang gaan benodig.

Studente wat geïdentifiseer word om in hierdie ronde terug te keer, sal ook ’n formele uitnodiging om terug te keer, ontvang en moet die aanlyn-vorm voltooi om hierdie aanbod te aanvaar en moet tot die **gedragskode** toestem. ’n Reispermit sal per e-pos aan elk van hierdie studente gestuur word, en die toepaslike fakulteite en koshuise (indien van toepassing) sal dienooreenkomstig ingelig word. **Laat asb 48 uur toe vir die permit om per e-pos gestuur te word** – die permit word nie outomaties gegenereer wanneer die aanlyn-vorm ingedien word nie. **Bring asb jou permit saam wanneer jy na die kampus terugkeer.** ’n Permit sal vereis word om toegang tot fakulteitsgeboue en rekenaargebruikersareas te kry.

**Let asb op die volgende:**

- Volgens die vlak 3-risiko-assesseringsregulasies wat deur die departement van Hoër Onderwys en Opleiding uitgereik is, is daar ’n beperking op die kapasiteit van universiteitskoshuise. Dit is moontlik dat jy nie toegelaat kan word om na ’n universiteitskoshuis terug te keer nie indien die kapasiteit reeds oorskry is.

- ’n Permit kan nie sonder ’n uitnodiging om na die kampus terug te keer **en** die voltooiing van die aanlyn-aanvaardingsvorm, asook die aanvaarding van die **Gedragskode** uitgereik word nie.
- Die Universiteit mag nie bykomende permitte vir gesinslede of vriende uitreik nie – ons kan slegs permitte vir ingeskrewe US-studente uitreik.

**Terugkeer na universiteitsverblyf**

Indien ’n student na universiteitsverblyf terugkeer, sal die koshuishoof hom/haar op die datum wat op die uitnodiging aangedui is, verwag. Hierdie datum van terugkeer maak voorsiening vir die vereiste sewe dae van afsondering alvorens ’n student toegelaat sal word om US-kampusgeriewe te gebruik.

**Voorafbetaalde afspraak nodig vir IT-HUB**

Alle dienste wat deur die IT-HUB in die Admin A-gebou gelewer word – afhaal van toerusting en ander soorte ondersteuning – is slegs beskikbaar indien dit vooraf gereël is. Studente moet afsprake maak deur vooraf ’n oproep by die dienstoonbank aan te meld. Dit kan nie meer van die HUB se fasiliteite aangemeld word nie. Studente en personeellede wat hul studente- of personeelkaarte verloor het, is die enigste besoekers wat sonder ’n afspraak in die IT-HUB toegelaat sal word, en slegs tussen 11:00 en 14:00 daagliks.

**Biblioteekdienste**

Die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdienste het nuwe prosedures en protokols bekendgemaak vir kliënte wat die biblioteekdienste wil gebruik. Die US-biblioteek en drie takke – Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Musiek en Ingenieurswese en Bosbou, is tans vir kliënte beskikbaar om slegs per afspraak ’n beperkte aantal rekenaars en studie- en navorsingsruimtes te gebruik. Kliënte is welkom om hul eie toestelle na die biblioteke te bring. Klik **hier** vir al die jongste inligting oor die US se biblioteek-hulpbronne en -dienste wat tans beskikbaar is.

**Uitdrukke**

Uitdruk-fasiliteite is by die kopieerwinkel in die Neelsie-studentesentrum beskikbaar. Studente wat toegang tot die IT-HUB, die biblioteek of die Neelsie-studentesentrum benodig, hoef nie by universiteitsverblyf in te woon nie en het nie permitte nodig vir toegang tot hierdie geriewe nie. Let asb op die spesifieke vereistes vir toegang tot die IT-HUB en die US-biblioteek.

**Uitstel vir deregistrasie**

Die sperdatum vir die deregistrasie van tweede-semester modules sonder dat ’n finansiële heffing op klasgelde gehef word, is van die einde Julie tot die einde van Augustus 2020 uitgestel. Dit beteken jy sal nie ’n druippunt of onvoltooide uitslag op jou akademiese transkripsie vir die spesifieke module ontvang nie en jy sal aanstaande jaar vir die module kan registreer. Tree asb met jou fakulteit se administrateur in verbinding indien jy wil deregistreer.

Let asb daarop dat al die ander reëls wat van toepassing is op die deregistrasie van eerste-semester- en jaar-modules en programme soos dit in die US se algemene kalender verskyn, steeds geld.

**Daaglikse gesondheid-selfondersoek**

Let asb daarop dat daar van alle studente wat toegang tot kampusgeriewe wil verkry, vereis word om ’n **daaglikse gesondheid-selfondersoek** te doen voordat hulle hul woonplek in die oggend verlaat en hulle kan gevra word om die uitkoms van hul selfondersoek bekend te maak voordat hulle ’n gebou mag binnegaan. Studente moet slegs hul woonplek verlaat indien hulle die “veilige”uitslag ontvang. Dit is van toepassing op studente wat in universiteitskoshuise en -huise woon, asook studente wat privaat woon.

Higher Health het ’n slimfoontoepassing – HealthCheck – ’n daaglikse gesondheidsifting- en -monitorinstrument ontwikkel wat deur die US as siftingsinstrument gebruik sal word. Meer inligting oor hierdie proses is in die **Gedragskode** vervat.

**Gedeelde verantwoordelikheid vir jou veiligheid**

Die COVID-19-pandemie het ons kampuslewe vir die voorsienbare toekoms verander. Ter wille van persoonlike veiligheid en dié van ander, moet sosialisering en onnodige reis vermy word ten einde die risiko van blootstelling tot ’n minimum te beperk. Ons herinner alle terugkerende studente daaraan om sosiale afstandskepping te beoefen, gesigmaskers te dra, hul hande gereeld te was of handreiniger te gebruik en om die gesondheid en veiligheid van medestudente in ag te neem. Hierdie riglyne sal van toepassing wees op alle akademiese en leefomgewings op kampus.

Besoek asb gereeld ons COVID-19-webblad vir meer inligting oor die Universiteit se reaksie op die pandemie en vir die jongste skrywes aan die US-gemeenskap. Verwittig julle asb van die verskillende gesondheidsprotokols wat op verskillende situasies van toepassing is.

Ek wens julle alles van die beste toe vir die tweede semester.

Prof Stan du Plessis
Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting